WERKSMANS LIBRARY MENIKO

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Buitengewone Offisiële Koerant
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. 217 PRETORIA, 17 MAY, 17 MEI 1974 3693

Administrator's Notice 837 17 May, 1974

The following Draft Ordinance is published for general information: —

A DRAFT ORDINANCE

To amend the Public Resorts Ordinance, 1969; in respect of the establishment of public resorts as contemplated in section 3; in respect of the establishment of a board for public resorts as contemplated in section 5; in respect of the estimates of the Board as contemplated in section 21; in respect of the establishment of a public resort by a person other than the Administrator, the Board or a body or institution contemplated in section 84(1)(f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, and for the control thereof; and to provide for matters incidental thereto.

Introduced by MR. DE HAAS, M.E.C.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Amendment of section 1 of Ordinance 18 of 1969.

1. Section 1 of the Public Resorts Ordinance, 1969 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended —

(a) by the insertion after the definition of "Director" of the following definitions:

"(ivA) 'local authority' means a local authority as defined in section 2 of the Local Government Ordinance, 1939, and includes the Peri-Urban Board; (viA);

(ivB) 'Peri-Urban Board' means the board as defined in section 1 of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943; (iiA)"; and

(b) by the insertion after the definition of "prescribe" of the following definition:

"(vA) 'private person' means any person other than the Administrator, the Board or any body or institution contemplated in section 84(1)(f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961; (viB);".

Administrateurskennisgewing 837 17 Mei 1974

Onderstaande Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer: —

'N ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969, ten opsigte van die instelling van openbare oorde soos in artikel 3 beoog; ten opsigte van die instelling van 'n raad vir openbare oorde soos in artikel 5 beoog; ten opsigte van die begroting van die Raad soos in artikel 21 beoog; ten opsigte van die instelling van 'n openbare oord deur 'n persoon uitgenome die Administrateur, die Raad of 'n liggaam of instelling in artikel 84(1)(f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, beoog en vir die beheer daarvan; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee.

Ingedien deur MNR. DE HAAS, L.U.K.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 18 van 1969.

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969 (hierna die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur na die woordomskrywing van "Administrateur" die volgende woordomskrywing in te voeg:

"(iiA) 'Buitestedelike Raad' die raad soos in artikel 1 van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, omskryf; (ivB)"; en

(b) deur na die woordomskrywing van "openbare pad" die volgende woordomskrywings in te voeg:

"(viA) 'plaaslike bestuur' 'n plaaslike bestuur soos in artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, omskryf en ook die Buitestedelike Raad; (ivA);

(viB) 'private persoon' enige persoon uitgenome die Administrateur, die Raad of enige liggaam of instelling in artikel 84(1)(f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, beoog; (vA);".

Amendment of section 2 of Ordinance 18 of 1969.

2. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

"(b) the regulation of the establishment of and control over public resorts established by any private person,".

Amendment of section 3 of Ordinance 18 of 1969.

3. Section 3 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Administrator may by notice in the *Provincial Gazette* amend the Schedule referred to in subsection (1) by —

(a) including any other area therein as a public resort having the name ascribed thereto in that notice;

(b) withdrawing as a public resort any area defined in the said Schedule;

(c) adding any land to a public resort or removing any land from a public resort; or

(d) altering the name of a public resort,

with effect from any date after the commencement of this Ordinance.".

Amendment of section 5 of Ordinance 18 of 1969.

4. Section 5(1)(a) of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after the word "may" of the words ", with effect from any date after such commencement,".

Amendment of section 21 of Ordinance 18 of 1969.

5. Section 21(1) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the words "thirty-first day of January" of the words "last day of February".

Substitution of Chapter IV of Ordinance 18 of 1969.

6. The following Chapter is hereby substituted for Chapter IV of the principal Ordinance:

"CHAPTER IV.

OTHER PUBLIC RESORTS.

The establishment of a public resort by a private person.

31.(1) The establishment of a public resort outside the area of jurisdiction of a local authority by a private person and the control of such public resort shall be regulated by way of regulations which the Administrator is hereby authorized to make.

(2) In any such regulation the Administrator may provide for —

(a) any application to be made for permission to establish or extend a public resort;

(b) any fees which shall accompany such application;

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1969.

2. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) die reëling van die instelling van en beheer oor openbare oorde wat deur enige private persoon ingestel is,".

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 18 van 1969.

3. Artikel 3 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Administrateur kan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die Bylae in subartikel (1) genoem, wysig deur —

(a) enige ander gebied daarin op te neem as 'n openbare oord met die naam wat in daardie kennisgewing daaraan toegeskryf word;

(b) enige gebied in genoemde Bylae omskryf, as 'n openbare oord in te trek;

(c) enige grond by 'n openbare oord by te voeg of grond uit 'n openbare oord weg te neem; of

(d) die naam van 'n openbare oord te verander,

met ingang van enige datum na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie.".

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 18 van 1969.

4. Artikel 5(1)(a) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woord "Administrateur", waar dit die tweede maal voorkom, die woorde ", met ingang van enige datum na sodanige inwerkingtreding," in te voeg.

Wysiging van artikel 21 van Ordonnansie 18 van 1969.

5. Artikel 21(1) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde "een-en-dertigste dag van Januarie" deur die woorde "laaste dag van Februarie" te vervang.

Vervanging van Hoofstuk IV van Ordonnansie 18 van 1969.

6. Hoofstuk IV van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende Hoofstuk vervang:

"HOOFSTUK IV.

ANDER OPENBARE OORDE.

Die instelling van openbare oorde deur 'n private persoon.

31.(1) Die instelling van 'n openbare oord buite die regsgebied van 'n plaaslike bestuur deur 'n private persoon en die beheer oor sodanige openbare oord word by wyse van regulasies wat die Administrateur hierby gemagtig word om uit te vaardig, gereël.

(2) In enige sodanige regulasie kan die Administrateur voorsiening maak vir —

(a) enige aansoek wat gedoen moet word vir toestemming om 'n openbare oord in te stel of uit te brei;

(b) enige gelde wat sodanige aansoek moet vergesel;

(c) any form of notice or plan or other information which shall be submitted before a public resort may be established or extended;

(d) any condition to be complied with before a public resort or any extension thereof may be carried on;

(e) the requirements relating to sanitary facilities and the general health of visitors to a public resort; or

(f) any other matter which he considers necessary or advisable to prescribe in order to regulate a public resort properly.

(3) Different regulations may be made in respect of different public resorts, areas and categories of persons.

(4) Regulations made in terms of this section may provide for penalties for any contravention thereof but no penalty shall exceed a fine of one hundred rand or imprisonment for a period of three months or both such fine and imprisonment.

(5) Regulations made in terms of subsection (2)(a), (b), (c) or (d) shall apply only in respect of public resorts established or extended after the commencement of the Public Resorts Amendment Ordinance, 1974.".

Amendment of section 32 of Ordinance 18 of 1969.

7. Section 32 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

"(d) wilfully obstructs, hinders or interferes with any person in the exercise of any power or the carrying out of any duty or function in terms of this Ordinance;".

Short title.

8. This Ordinance shall be called the Public Resorts Amendment Ordinance, 1974.

(c) enige vorm van kennisgewing of plan of ander inligting wat ingedien moet word voordat 'n openbare oord ingestel of uitgebrei kan word;

(d) enige voorwaarde waaraan voldoen moet word voordat 'n openbare oord of 'n uitbreiding daarvan bedryf kan word;

(e) die vereistes wat in verband staan met sanitêre geriewe en die algemene gesondheid van besoekers aan 'n openbare oord; of

(f) enige ander aangeleentheid wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf ten einde 'n openbare oord behoorlik te reël.

(3) Verskillende regulasies kan ten opsigte van verskillende openbare oorde, gebiede en kategorieë van persone gemaak word.

(4) Regulasies kragtens hierdie artikel gemaak, kan strawwe bepaal vir enige oortreding daarvan maar geen straf mag 'n boete van honderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van drie maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf oorskry nie.

(5) Regulasies uitgevaardig ingevolge subartikel (2)(a), (b), (c) of (d) geld slegs ten opsigte van openbare oorde ingestel of uitgebrei na die inwerkingtreding van die Wysigingsordonnansie op Openbare Oorde, 1974.".

Wysiging van artikel 32 van Ordonnansie 18 van 1969.

7. Artikel 32 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) enige persoon in die uitoefening van enige bevoegdheid of die vervulling van enige plig of funksie ingevolge enige bepaling van hierdie Ordonnansie opsetlik dwarsboom, hinder of belemmer;".

Kort titel.

8. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Openbare Oorde, 1974.